

**5 Februarie**

**Hooglied 4:1-16, (Teks: 4:12)**

### ***Getrouheid***

Dit is deesdae nie meer vreemd om te hoor van egbreuk en van ontrouheid in die huwelik nie. En tog is en bly dit een van die aakligste gebeure in die huwelikslewe. Die gevolge is so verreikend en bring dit soveel pyn en hartseer.

Die Here roep sy kinders tot getrouheid en kuisheid. In die sewende gebod word immers onomwonde gestel dat jy nie egbreuk mag pleeg nie.

Begin dit nie al by die jongmenslewe nie? Nog voor die huwelik! Daar waar sondermeer grense oorskry word en losbandigheid aan die orde van die dag is. En as hierdie mense dan trou, dan weet hulle ook nie meer hoe om in die huwelik getrou te wees nie.

Vir die skrywer is kuisheid en getrouheid absoluut prysenswaardig. In Hooglied 4:12 lees ons dat hy trots en bly is omdat die meisie in sy lewe nog 'n maagd is. Sy behoort dus nie aan jan-en-alleman nie, maar aan die EEN wat haar waarlik liefhet. Voor die huwelik spreek dit van kuisheid en maagdelikheid en in die huwelik beteken dit dat daardie 'tuin' net bedoel is vir die een wat die sleutel ontvang het om oop te sluit... naamlik dié een met wie jy getroud is. Hierdie eis van getrouheid geld vir mans en vroue.

Onthou maar goed dat die liefdesverhouding tussen man en vrou die afskynsel is van die verhouding tussen God en sy kerk. Soos Hy nie wil hê dat ons aan Hom ontrou is nie, so mag ons ook nie die heilige huwelik skend deur ontrouheid nie.

En ons kinders moet dit van jongs af leer, dit besef en ook toepas. God het die grense daar gestel sodat die huwelikslewe heilig en gelukkig mag wees. En daarom moet hulle kennis neem van die woord van Hooglied wat by herhaling voorkom: "Moenie die liefde wakker maak voordat die tyd daarvoor ryp is nie" (2:7; 3:5; 8:4). Wie hierdie grense wat die Here gegee het eerbiedig, of u nou getroud is of ongetroud, sal die seën van geluk en vrede van God belewe.

Ds. M. van Helden (Verwoerdburg-Noord)